LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

23-07-2018

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 24 VIR 2018

27 Jul	NG Rensburg verkoop Kerrie en Rys @ R25 'n bakkie. Kontak vir Poppie, 0828544025, indien u wil bestel.	
4 Aug	NG Klipkerk - Basaar Daar gaan weer 'n Bulletjie Braai- en Koekversierings-kompetisie wees @ R50 per inskrywing. Kontak Riana (016) 341-2483.	Op kerkterrein

1 **SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD DEEL 2:**
Suikerbosrand Eisteddfod se tweede gedeelte vind plaas vanaf 10-12 September. Inskrywings sluit op 15 Augustus en geen laat inskrywings word aanvaar nie. Hierdie inskrywings is slegs vir leerders wat wil Drama - vokaal en musiek - doen (Monoloog, Bybel, Gedr. Prosa, Vert. Prosa, Gedr. Poësie & Mimiek). Dans items sal later beskikbaar wees. Items is R35 per leerder. Sang - Groepe en Duet is R60 en Konsert is R50. Die regte bedrag geld moet asb. in 'n koevert met leerder se naam op by die kantoor ingehandig word. Leerders wat belangstel kan vorms afhaal by Juf. Lizelle, Gr 1-3 en Juf. Madeleine, Gr 4-7. Kuns: Sluitingsdatum is 1 September 2018 en Tema is Geboue.

2 **KOOR**:
Seniorkoor:
Koor oefen Woensdag, 25 Julie vanaf 14:00 - 15:45.
Juniorkoor:
Koor oefen Maandag, 23 Julie vanaf 14:00 - 14:45.
Baie belangrik!
Heidelberg Eisteddfod (kore) vind plaas op 17 Augustus. Daar is baie min tyd oor tot dan. Maak asseblief seker dat u kind al die oefeninge bywoon en nie ander afsprake reël in koortyd nie! Ons kan nie nou meer verskonings aanvaar nie! Indien daar wel 'n probleem opduik, kom maak asseblief persoonlik verskoning by Juf Danell Oosthuizen of Juf Sarita Sprong.

3 **LANDLOOP 2018:**
Oefentye is Maandae tot Donderdae vanaf 16:00 - 17:00 by Hoër Volkskool.
Ons neem Vrydag, 27 Julie deel by Voorwaarts (Meyerton).

4 MINI-KRIEKET:

Ons, Graad 1 en 2 seuns begin Woensdag, 25 Julie met mini-krieket oefening op die rugbyveld vanaf 14:00 tot 15:00.

Wedstryde:

18 Aug - Eligwa; 25 Aug - Handhawer; 8 Sept - Voorwaarts; 15 Sept - NWU KFC

5 KRIEKET:

Daar is proewe vir 0/9 tot 0/11 op Maandag en Dinsdag vanaf 14:00 - 15:00.

Krieketoefening: Maandae oefen 0/9 tot 0/11 vanaf 14:00 - 15:00 op die rugbyveld en Dinsdae oefen hulle tot 15:30 by die nette. Donderdae is geskeduleer vir hulle vir wedstryde.

Maandae oefen 2des en 1ste span vanaf 14:00 - 15:30 by die nette en Donderdae oefen hulle dieselfde tyd op die rugbyveld. Dinsdae is geskeduleer vir hulle vir wedstryde.

6 RO KLASSE:

Afrikaanse RO klasse vir die Graad 7 is volgende week Woensdag.

7 MUSIEKFEES:

Ons beplan hierdie jaar 'n Musiekfees op 17 & 18 Oktober. Dit gaan 'n besonderse geleentheid wees waaraan al die Volkies kan deelneem en saamwerk om dit iets regtig spesiaal te maak. Leerders kan briefies tot Vrydag, 3 Augustus ingee. Ekstra briefies is by Juf Madeleine Strydom beskikbaar. Daar is geen kostes aan verbonde nie, so kom ons kyk of ons dit 'n ware skoolpoging kan maak!

8 MINI-HOKKIE:

Alle spanne oefen op ons rugbyveld op Dinsdae en Donderdae. Oefentye vir Graad 1 en 2 seuns is vanaf 13:00 - 14:00. Graad 1 en 2 dogters en Graad 3 en 4 seuns en dogters oefen 14:00 - 15:00.

9 BILTONG EN DROë WORS:

Daar is Blouwildebees biltong en -droë wors te koop by Mnr Tiaan @ R100 vir 'n 500g pakkie.

10 SKOOL SE 115de VERJAARSDAG:

Leerders mag môre, **Dinsdag, 24 Julie,** met gewone klere skool toe kom. Dit moet asb. oorwegend wit of ligte kleure wees, want ons gaan 'n "Colour Festival" hou omdat die skool verjaar.

11 SPREEKKOOR:

Ons oefen elke Maandag vanaf 13:00 - 13:30 in Juf. Monica se klas. Almal moet asb. daar wees.

12 PUBLIC SPEAKING:

Volkies gaan hierdie jaar wegspring met ons eerste Public Speaking-aand vir Graad 1-7 leerders op 24 Oktober 2018. Inskrywings sluit op 29 September en geen laat inskrywings sal aanvaar word nie. Inskrywingsvorms kan vir Gr 1-3 by Juf. Lizelle afgehaal word en Gr 4-7 by Juf. Madeleiene.

13 STUDIEMETODE-KLASSE - KWARTAAL 3:

Gr 4 en 5 op 14 Augustus ..... Gr 6 en 7 op 22 Augustus

Die studiemetode-klasse word hierdie kwartaal deur Juf. Madeleine aangebied en fokus op die beantwoording van 'n vraestel - spesifiek die verskillende termologie. Die klasse word in Juf. Sanet se klas aangebied vanaf 15:45 - 16:45. Maak seker dat jy die regte Woensdag bywoon want die inhoud is spesifiek vir die onderskeie grade. Bring jou kleurpenne en 'n boek om in te skryf.

14 ANTI-BOELIE WEEK:

Laer Volkskool se boelie-week vind plaas vanaf Maandag, 24 Julie 2018 tot Vrydag, 27 Julie 2018. Ons wil graag die leerders opgewonde en deel maak van ons week. Daar gaan daagliks oor verskillende temas rondom boelie gepraat word.

Bring asb. elke dag die volgende saam:

Maandag	Bekendstelling vind plaas.
Dinsdag	Leerders kom **slegs Dinsdag** skool toe met gewone klere (oorwegend wit of ligte kleure - ons gaan 'n "Colour Festival" hou omdat die skool verjaar) en interessante paar handskoene bv. Skottelgoedwas-handskoene, tuinmaak-handskoene, oond-handskoene ens.
Woensdag	Leerders kom skool toe met onpaar skoene en -kouse.
Donderdag	Leerders kom skool toe met enige rooi of pienk item of kledingstuk. Bv. 'n rooi hoed, 'n pienk blom of 'n rooi lint ens.
Vrydag	Leerders kom skool toe met enige wit of blou item of kledingstuk. Bv. 'n blou lint, 'n wit serp of 'n blou rugsak ens.

15 KULTUURAAND 2019 VERGADERING:

Al die Graad 6 ouers word herinner aan die vergadering op Woensdag, 25 Julie 2018 om 18:00 in die skoolsaal. U insette en idees is vir ons baie belangrik.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF